

REËLS, REGULASIES EN VRYWARING

DANKIE DAT U ALMEGA KARAVAN PARK GEKIES HET VIR N WEGBREEK.

Om te verseker dat u en al die ander kampeerdere die tyd by ons geniet, wil ons vra dat u asseblief die volgende reëls en regulasies deeglik sal lees en ten alle tye sal nakom.

1. Die reg van toegang tot Almega karavaanpark word voorbehou en die gebruik van die geriewe, geskied ooreenkomstig en onderhewig aan hierdie neergelegde reëls. 'n persoon wat nie hierdie reëls en regulasies nakom nie of homself wangedra of enige kennisgewingbord wat op die plaas aangebring is verontagsaam, moet op versoek van die eienaar of oordbestuurder die karavaanpark verlaat. Geen toegangsgelde of verblyfskoste sal terugbetaal word nie.
2. Toegang en gebruik van enige geriewe, in of op die perseel, geskied op eie risiko en die besoeker vrywaar die eienaar, oordbestuur en enige werknemer teen enige skade, verlies of besering van welke aard ookal wat die besoeker mag ly. Die eienaar, oordbestuur en werknemers neem geen verantwoordelikheid vir enige skade aangerig aan voertuie, karavane of tente deur takke van bome wat breek of afval en van diere of enige onverwagse natuurrampe of elemente nie.
3. Die eienaar en oordbestuur hou hom die reg voor om enige persoon wat opsetlik eiendom, bome of plante beskuldig te versoek om die oord te verlaat en die kostes wat voortspruit uit die herstel daarvan, te verhaal van die besoeker.
4. **DIE SWEMBAD IS NIE OMHEIN NIE EN WORD OP EIE RISIKO BETREE. KINDERS MOET TEN ALLE TYE VERGESEL WORD DEUR 'n VERANTWOORDELIKE VOLWASSENE WAT TOESIG HOU.**
5. Geen alkohol, glas houers of voedsel word in die swembad toegelaat nie. Geen voertuie op die gras om die swembad nie.
6. **GEEN TROETELDIERE** (honde en katte) word toegelaat nie.
7. **GEEN MOTORFIETSE, QUAD BIKES, ELEKTRIESE SCOOTERS, DRONES OF VUURWERKE WORD TOEGELAAT NIE.**
8. **GEEN GERAAS EN GEEN MUSIEK** na 21h00 nie. U musiek en stemtone moet ten alle tye slegs in U staanplek gehoor kan word en nie steurend vir ander kampeerdere wees nie.
9. Besoekers word gemaan om altyd versigtig te bestuur en nie die snelheidsgrens van 20km per uur te oorskry nie. **PRIVAAT VOERTUIE WORD NIE OP DIE PLAAS BUITE DIE KAMPTEREIN TOEGELAAT NIE.**
10. **VURE WORD SLEGS TOEGELAAT OP DIE BRAAI AREA. GEEN VURE OF KONKAS OP DIE GROND, PLAVEISEL OF GRAS NIE ASSEBLIEF.** As gevolg van houtboorders wat ons bome doodmaak, word **GEEN EKSTERNE HOUT** meer op die plaas toegelaat nie. Ordentelike oond gedroogte hout is by die oordbestuur te koop. Niks mag uit die veld verwyder word nie.
11. Woonwaens mag slegs in die woonwapark geparkeer word en krag mag slegs vanaf die blou woonwakragpunte verkry word. Daar is slegs een krag punt per staanplek (maksimum 15A).
12. Laat asseblief u staanplek, ablusie en die park in die toestand waarin u dit graag sal wil vind.
13. **AANKOMS TYD is vanaf 10H00 behalwe as die staanplek beset was dan is die AANKOMS TYD eers 13H00.**
14. **VERTREK TYD is om 15H00 behalwe as die staanplek direk na julle weer bespreek is dan is die VERTREK TYD 12H00.** Skakel met die persoon aan diens om uit te vind wat die aankoms en vertrek tye vir U bespreking is.
15. As gevolg van die COVID-19 Pandemie mag asblikke, besems, moppe, skoppies ens. nie gedeel word met ander gaste nie en dit moet asseblief by die staanplek nommer wat daarop gemerk is bly.
16. Slegs dagbesoekers waarvoor daar vooraf gereël is deur Almega kampeerdere sal toegelaat word. Dagbesoekers word as n addisionele bespreking hanteer en 'n daaglikse tarief per persoon en per addisionele voertuig soos aangedui in die tariewe lys sal gehef word. Die reeling en betaling moet vooraf met Admin gedoen word.
17. Rook is verbode in alle publieke areas.
18. Geen alkohol mag aan enige personeel van Almega karavaanpark aangebied word nie
19. Wanneer U weer vertrek moet die ablusie gesluit word en die sleutels asseblief by die ontvangs kantoor ingehandig word.
20. Die in-en-uitgangs hekke het n hoogte beperking van 2,8meter. Voertuie wat hoër as 2,8 meter is moet reel om by die plaashek langs die ingang in en uit te gaan.